In die eerste plek hartlik welkom terug aan almal. Baie dankie aan almal wat ambassadeurs vir die skool was tydens die afgelope vakansie. Graag gee ons ook die uitslae van die onderskeie toernooie deur.

Baie sterkte ook vir die besige kwartaal wat voorlê.

Uitslae:

1. **Netbal**
   teen Afrikaans Hoër Meisiesskool Pretoria

   o/17A
   wen Jim Fouché 27–17
   wen St. Peters College 34-4
   verloor HTS Middelburg 14-10
   verloor Pietersburg 17-9
   wen Cornwallhill 25-10
   verloor Garsfontein 20-10
   wen Rustenburg 13-12

   o/19A
   wen Pietersburg 23-20
   wen Witteberg 25-23
   wen Midstream 21-12
   wen Cornwallhill 28-9
   verloor Garsfontein 24-19
   verloor Affies 26-18

2. **Rugby**
   Die eerstespan toer na Margate.
   wen South Coast Warriors 45-21
   wen Hoërskool Driehoek 43-7

3. **Twizza Rugbytoernooi**

   o/14A span
   gelykop Welkom Gimnasium 15-15
   wen Hoërskool Grens 17-15
   verloor Maritzburg College 0-62

   o/14B span

verloor Stallions o/14A 0-49
verloor Hoërskool Aliwal o/14A 5-39

o/15A span
wen Hoërskool Wilgerivier 21-0
verloor Hoërskool Aliwal 7-12
wen Hoërskool De Aar 29-14

o/16A span
wen Hoërskool Wilgerivier 21-0
wen Hoërskool Aliwal 45-17
verloor Hoërskool Voortrekker 12-20

o/19B
verloor Hoërskool Vaalharts o/19A 15-26
wen Hoërskool Voortrekker 19-15
verloor Maritzburg College 0-39

4. **Hokkie**
   Baie dankie ook vir die eerste meisies hokkiespan se oefenkamp.

5. **Voortrekkers**
   Die Voortrekkers het 'n baie suksesvolle kamp te Doornkloof bygewoon.

6. **Atletiek**
   Baie geluk aan Elaine Pretorius wat die Suid-Afrikaanse rekord in die hamergooi dogters o/15 verbeter het en 'n goue medalje verower het.

   Ander SA-kampioenskap uitslae:

8ste plek	hamergooi	D o/15	Amy Jacobs
7de plek	90m hekkies	D o/15	Sané Groenewald
7de plek	gewigstoot	D o/17	Su-Marie Gouws
5de plek	hamergooi	D o/19	Danika Windt
4de plek	hamergooi	S o/15	Barry Richter
4de plek	hamergooi	D o/17	Su-Marie Gouws

   Bronsmedaljes

3de plek	hamergooi	S o/15	Nicholas Julies
3de plek	spiesgooi	D o/17	Arné van der Merwe
3de plek	hamergooi	S o/19	James Havinga

Silwermedaljes

2de plek hamergooi D o/19 Marizel van Dyk

7. **Hokkie**
   Baie sterkte vir die week se hokkie wedstryde.

8. **Rugbybepalings**
   HTS Louis Botha Saterdag 14 April 2018.

	A-veld	**B-veld**
09:00	o/19B	o/14A
10:10	o/16A	o/15A
11:20	o/19A	

9. **Boogskiet**
   Guilaume Pelser het Vrystaat klere verwerf in boogskiet en sal aan die SA-kampioenskappe in Johannesburg deelneem.

10. **Rolbal**
    Mardian Bezuidenhout is ingesluit in die Suid-Vrystaat o/15 Rolbalspan. Die SA kampioenskappe vind plaas in Bloemfontein.

11. **Ope-aand**
    Maandag 16 April om 18:00 is dit ons skool se Ope-aand vir voornemende Gr 8 leerders. Ons dra die geleentheid op aan ons Hemelse Vader.

12. **SANSSU Skietproewe**
    Sterkte aan die SANSSU skietproewe Vrydag en Saterdag by Tempe.

13. **Vrywilligers**
    Die Nasionale Kampioenskappe vir fisiek- en visueel gestremde atlete het in die April vakansie in Bloemfontein plaasgevind. Dean Lategan, Chanel Lategan en Tomei van Wyk het by die geleentheid gewerk as vrywilligers. Hulle was ware ambassadeurs vir die skool.

14. **Oueraand**
    Die oueraand is Woensdag 18 April om 17:30 tot 19:30 in die klaskamers. Besoeke sal by wyse van afsprake by spesifieke onderwysers geskied.

15. **Studiewerkswinkel**
    Inskrywingsvorms vir die studiewerkswinkel word saam met die rapporte uitgedeel. Inskrywings sluit 20 April 2018. Die werkswinkel word aangebied op Dinsdae vir gr 9 – 11's en Donderdae vir gr 8's.

16. **Voortrekkers**
    Wees trots op jou Christenskap en Afrikaner Kultuur. Die Voortrekkers is die veilige plek waar jy hierdie Kultuur en Avontuur kan uitleef in die Natuur. Vir meer as 85 jaar ontwikkel Die Voortrekkers suksesvolle dinamiese individue wat gesag erken maar ook leiding kan neem.

    Op 16 April 2018 vier Die Voortrekkers Brandkop ons 32 ste bestaansjaar. Ons loop 'n pad saam met die skool sedert die ontstaan van die skool. Die Voortrekkers is geanker daarin dat ons on jeuglede toerus om 'n verskil in ons gemeenskap te maak en ook uiteindelik in ons land.

    In die tyd van vieringe bring ek graag hulde aan vorige leiers van die kommando soos Jan van der Walt, Nico van der Walt, Mariette Erwee en vele meer. Ons het ook ongesiende leiers in die ouer korps wie oor etlike jare diens lewer in die kultuur akker en ons erken graag in die tyd hul onbaatsugtige diens.

    Die Voortrekkers - Hou Koers

17. **Kwartaalprogram – 2de kwartaal**
    (volg)

Fichie-groete

H. van der Merwe
Skoolhoof